PERSVERKLARING

**Vierde Nasionale Orrelsimposium aangebied deur SAKOV**

Die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV) bied van 3 tot 5 September 2026 sy Vierde Nasionale Orrelsimposium by die Universiteit Stellenbosch en verskeie lokale in die Kaapse Wynland aan. Die simposium word vir alle orreliste, kerkmusici, akademici, studente en orrelliefhebbers van regoor Suider-Afrika aangebied.

Een van die hoogtepunte is die besoek van die Belgiese orrelis, prof. Luc Ponet, wat as gaskunstenaar en aanbieder sal optree. Ponet sal op Vrydag, 4 September as solis optree saam met die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes in die uitvoering van Joseph Jongen se monumentale *Symphonie Concertante*. Die werk is sedert 1998 nie weer in Suid-Afrika uitgevoer nie, wat hierdie uitvoering 'n besonderse geleentheid vir Suid-Afrikaanse gehore maak. Benewens Ponet se uitvoering sal hy ook meesterklasse aanbied en ‘n lesing lewer.

Gratis geleenthede vir die publiek sluit **SAKOV vir die Jeug** in waar skoolleerders en belangstellendes die wonderwêreld van die pyporrel van nader kan ontdek, asook ‘n paneelbespreking oor die kerklied in 2030. Hierdie geleenthede vind plaas op Donderdag 3 September onderskeidelik om 15:30 in die NG Toringkerk in die Paarl en 18:00 by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington.

Met 17 aanbieders bied die simposium ‘n omvattende program vir deelnemers aan wat kan uitsien na meesterklasse, lesingdemonstrasies, praktiese werkswinkels, navorsingsreferate, konserte en ‘n paneelgesprek. Temas wissel van Suid-Afrikaanse kerkmusiek, akademiese orrelmusiek, improvisasie, begeleiding van gemeentesang, orrelbou, die bewaring van pyporrels tot die Frans-Belgiese orreltradisie, die toekoms van die kerklied en die orrelis se geestesgesondheid. Die program sluit verder ook twee openbare orrelkonserte, en die bekendstelling van SAKOV se nuwe publikasie, *Alleluia!*, in.

SAKOV is ‘n nie-winsgewende vereniging wat hom beywer vir die bevordering van orrelkuns en liturgiese musiek, die begeleiding van die kerklied, asook die behoud van die pyporrel in Suider-Afrika. Die simposium is nie nét vir kenners bedoel nie, maar ook vir kerkmusici, studente, algemene orrelliefhebbers en enigeen wat nuuskierig is om meer oor die "koning van instrumente" te ontdek.

Vir die volledige program en kaartjies, besoek www.sakov.co.za
Vir navrae, epos gerus info@sakov.co.za

SAKOV
suider-afrikaanse kerk- en konsertorrelistevereniging
southern african church and concert organists society
c.1980